# BOEKBESPREKING.

**E. A. Venter. „Agtergrond van die Nuwe Tastement."** Nasionale Boekhandel Bpk., Bloemfontein, 1950. 81 bll., 4/9.

Dit is lesings gegee aan die Opleidingskollege, Kaapstad in Godsdiensonderwys vir aanstaande onderwysers. As sodanig kan ons dit heelhartig aanbeveel aan alle onderwysers. Die skrywer behandel agtereenvolgens: die geskiedenis van die Jodedom, 415—63 v.C.; die politieke agtergrond; kulturele en maatskaplike toestande; joodse partye en groepe; godsdienstige lewe en instellinge. 'n Mooi, eenvoudige inleiding!

J. CHR. COETZEE.

**K. J. Popma: „Eerst de Jood maar ook de Griek."** T. Wever, Franeker, Nederland. 1950. 260 bll., s.p.

Die skrywer is besondere hoogleraar te Groningen, en wel in die Calvinistiese wysbegeerte volgens die wetsidee. In die werk gee hy beskouinge oor die Griekse karakter van die Nuwe Testament. Dit is geskrywe vir die ontwikkelde leser en is van besondere waarde vir die godsdiensonderwyser aan die middelbare skool. Prof. Popma besit 'n benydenswaardige slag om dinge gewoonlik helder en suiwer te stel. Besonder mooi vind ek die hoofstukke oor die hellenisme as kultuurfase, oor geskiedenis en evangelie en veral oor hellenistiese geskiedenisbeskouinge. As skrywer van „Calvinistische Geschiedbeschouwing" is prof. Popma veral lesenswerd oor historiese filosofie. Minder geslaag is sy teenevangelies onder die heidene en veral sy jode en grieke: die eerste is vol onnodige herhalinge en die tweede is bloot polemies.

Naas die besonder goeie in sy uiteensetting, moet ek die aandag vestig op enkele gebreke: 1) daar is hier en daar onbelyndheid soos in hste. IV en V; 2) daar is baie oorbodige herhaling; 3) daar is 'n sterk neiging tot grootwoorddoenery; 4) daar is heelwat spellingfoute soos op bll. 38, 39, 145; 5) daar is 'n gebrek aan gewenste indeling van hoofstukke in paragrawe met opskrifte.

J. CHR. COETZEE.

* * *

**M. J. Langeveld: „Inleiding tot de Studie der Paedagogische Psychologie van de Middelbare-schoolleeftijd"** —J. B. Wolters, Groningen, Djakarta, 1950, 4e hersiene druk. Prys f10.40.

Die eerste uitgawe van hierdie bekende boek in ons land het sowat veertien jaar gelede verskyn. Met elke druk is daar aanmerklik verander en uitgebrei sodat hierdie laaste heeltemal op hoogte van sy tyd is.

Alhoewel die skrywer 'n beperking in die titel van sy boek stel, nl. „van die middelbare skoolleeftyd," bied hy tog die hele agtergrond van hierdie leeftyd en daarmee dan ook 'n algemene inleiding tot die pedagogiese psigologie. In die gangbare vraagstukke aangaande die opvoedkundige sielkunde word die leser noukeurig ingelei, en deurgaans word daar ook uitgebreide referensies gegee wat die student desgewens in staat stel om self dieper op die verskillende sake in te gaan. Wat egter in hierdie verband opval, is dat die skrywer haas glad nie na Afrikaanse publikasies refereer nie. Behalwe een werk van B. F. Nel merk ons niks verder van hom nie, om nie eers te praat van J. Chr. Coetzee en Heese se publikasies nie om maar twee te noem.

'n Ander saak wat opval, wat egter hoofsaaklik geld vir die gevorderde beoefenaars van hierdie wetenskap, is dat die skrywer—heeltemal in ooreenstemming met die moderne rigting in die opvoedkundige sielkunde—ver buite die terrein van die algemene sielkunde gaan en tog nog aan die ou benaming, nl. pedagogiese psigologie as onderdeel van die algemene psigologie vashou. Hy praat dan ook van 'n „bescheiden plaats" en „verheven dienstbaarheid" van die opvoedkundige sielkunde in hierdie verband. En al die tyd beoefen hy **empiriese opvoedkunde!** Waarom dan nie ook van van hierdie benaming gebruik gemaak nie? Dit sou onteenseglik verder gehelp het om hierdie wetenskap in die regte perspektief te plaas.

Die samestelling van hierdie werk oor die empiriese opvoedkunde is vir die student-onderwyser en onderwyser insiggewend aangesien die vraagstukke aangepas is aan 'n leeftyd waarmee hulle daagliks in aanraking kom. Aan die algemene verskynsel

om hierdie inhoud suiwer sielkundig en abstrak te behandel, het ons skrywer hom gewis nie skuldig gemaak nie. Die agtergrond en ondergrond word deeglik behandel maar op so'n wyse dat die man van die praktyk vir sy eie leiding daarmee na die klaskamer kan gaan.

En dan verdien die uitgewer ook nog 'n besondere woord van dank vir die keurige afwerk van die hele band.

Graag beveel die ondergetekende hierdie boek baie sterk by ons lesers aan; en onder die lesers wil ek nie alleen die vakmanne tel nie, maar ook ouers en alle organisasies wat op een of ander wyse met die jeug te doen het en wat naarstiglik trag om tot dieper insigte te kom oor hierdie so belangrike leeftyd in die menslike groei en ontwikkeling tot volwassenheid.

H. J. J. BINGLE.

* * *

**G. L. Murray: :„Our Hope of Survival in an Age of Crisis."** Baker Book House, Grand Rapids 6, Michigan, 1951. 133 bll. 1.50 dollar.

Dr. Murray doen in hierdie eenvoudig geskrewe werkie 'n pragtige stuk werk. Hy ontleed saaklik en gelowig die krisis van ons tye deur te wys op die feite en ons benoudheid, op die grondslae van die vryheid van die mens, op ons sedelike norme, op ons hoop tot behoud. Dan ondersoek hy weë vir ons behoud: die vind hy alleen in die geopenbaarde Woord van God en in die kerk van Christus. Die werkie sluit af met 'n veroordeling van die „liberal jumble" en met 'n formulering van die Christelike oplossing. 'n Mooi, eenvoudige werkie.

J. CHR. COETZEE.

* * *

**G. Brillenburg Wurth: „Het Christelijk Leven in Huwelijk en Gezin."** Kok, Kampen, 1951. 306 bll. 7.90 gulden.

Vir die gereformeerde leser is dit 'n hoogs welkome en waardevolle studie; Prof. G. B. Wurth is self oortuigde gereformeerde. Dit vorm die tweede deel van sy breed opgesette studie oor die Christelike lewe. Hy behandel hierin al die belangrikste en neteligste probleme van huweliks- en gesinslewe, o.a. voorbereiding tot die huwelik, die huwelikskeuse, die ongehuude staat, die huweliksluiting, man en vrou in die huwelik, huwelikstrou, gesinsvorming en -verhoudinge, na hy reeds vroeër in die boek die grondslae bespreek het, nl. die sin van huwelik en huisgesin in die lig van die openbaring.

Die behandeling is fris en oorspronklik; die uiteensetting logies en prinsipieel suiwer; die taal wetenskaplik maar eenvoudig. Die boek bevat geen register van sake en persone nie, en ook geen bibliografie nie, al word dit ryklik gedokumenteer deur voetnote. Eienaardig genoeg is die karige verwysing na die studies van prof. J. Waterink oor dieselfde probleem en veral die feitlik algehele onbekendheid met wat in Suid-Afrika deur geesgenote geskryf is.

Vir gereformeerde ouers en jongmense is dit 'n studie wat ek heelhartig wil aanbeveel.

J. CHR. COETZEE.

P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.
2 April 1951.

* * *

**Inleiding tot de Physiologische Chemie,** Deel II, deur prof. W. Radsma, **J. B. Wolters,** Groningen, Djakarta, 1950 b. 414.

In die voorwoord, sê die skrywer, dat sy doel is om die mediese student te help om voldoende insig te kry om by verder studie die moderne mediese literatuur te kan lees. Die boek is dus hoofsaaklik vir die mediese student bedoel en nie as 'n handboek

vir die wat biochemie of fisiologie studeer nie.

Die boek kan in drie dele verdeel word, nl. 1. Fisiese Biogemie bl. 1—169. 2. Stofwisseling, bl. 170—331. 3. Voeding, bl. 332—394. Dit bevat ook 'n literatuurlys en 'n register.

Die eerste deel gaan dus oor osmose, elektrolitiese dissosiasie, waterstof-ioon-konsentrasie, kolloidale sisteme, deurdringbaarheid van selle en weefsels ens.

Hierdie deel sal moeilik gevolg word deur iemand met min skeikundige en fisiese-skeikundige kennis, maar ek beskou dit as besonder waardevol veral, omdat ons met die Nederlandse terminologie kennis maak. Woorde soos „**huls** van collodion" en „slierten" e.d. is vir my nuwighede. **Slierten** nl. is die verskynsel wat opgemerk word as twee vloeistowwe van verskillende S.G. bymekaar gevoeg word sonder dat hulle deeglik gemeng is.

In die deel is daar baie waardevolle, indien nie interessante informasie soos bv. op bl. 153 onder „De beteekenis van de minerale bestanddelen voor de physische-chemische constellatie in de lewende stof." Dit blyk dat antagonistiese werkinge van een- en meerwaardige katione algemeen is. Wanneer eiers van 'n klein seevis, 'n besondere soort, in kombuissout-oplossing met osmoticse druk van seewater gebring word, sterf hulle. Voeg 'n mens by die oplossing klein hoeveelhede van 'n meerwaardige kation en selfs ook katione van swaar metale, soos Ni, Mn en Pb vind ontwikkeling wel plaas. Is die konsentrasie van lg. stowwe se soute egter dieselfde as die van die kombuissout sterf die eiers ook. Sien ook bll. 20, 150, 160

Hierdie deel is besonder waardevol, want die fisiese verskynsels word beskryf in die lig van voorbeelde van diere sowel as plante, wat vir die fisioloog van groot belang is.

Die tweede deel oor stofwisseling gaan oor die gewone onderwerpe wat hieronder sorteer maar dit word bondig maar duidelik beskryf. Die invloed van die hormone op stofwisseling is onvolledig en te kort vir die fisioloog maar die boek is ook nie bedoel om oor alles volledig te wees nie.

Die laaste deel oor voeding is kort maar 'n groot veld word behandel. Veral die deel oor vitamiene is onvolledig: Die skrywer noem selfs nie die funksie van vitamien-C nie en die van vitamien-A is ook afgeskeep. Deesdae is dit nie meer voldoende om die voorkoms van 'n vitamien en kliniese gebreke **van 'n vitamien-tekort** te noem nie. Die formules waar bekend word gelukkig gegee.

Ongelukkig is die skrywer se styl baie moeilik: Die sinne is te lank en waar 'n nuwe sin moet begin word doodgewoon aan geskryf sodat sinne van 15 reëls nie 'n seldsaamheid is nie (laaste § bl. 14). Gevolglik is die sinne so lomp dat 'n mens dit oor en oor moet lees om te verstaan. Enkele voorbeelde: Paragrawe 1 en 2 bl. 1, laaste paragraaf bl. 21, vierde paragraaf bl. 23, tweede paragraaf bl. 164. Dan is daar weer onnodige paragrawe bv. bl. 123 onder aan.

Hinderlik is woorde soos: ekstirpeert bl. 9, saturator, fragiel bl. 110, reversibel bl. 128, diffusibele bl. 143, viskeuze (sic!) bl. 144 vir „viscuous," repulsie, gesecerneerd bl. 274, vehikel bl. 276, geretendeerde bl. 295, deficientie bl. 341, frequent bl. 359, frequenter bl. 362 e.a.

Oor die algemeen sal die boek waardevol wees vir onse mediese studente. Die werk ly gelukkig nie aan langdradigheid nie wat soms in die Nederlandse werke voor kom en lastig is as daar te veel oorbodige materiaal is.

P. J. HAMERSMA.